OOS-KAAP
Vrydag
5 Junie 2017
R4,50 (BTW ingesluit)

DIE BURGER

# Kouga opvangsgebied lei die land in volhoubare water-en grondbestuur (2017)



Die Kouga belanghebbendes, bespreek die toekomstige moontlikhede

**Gedurende die laaste vyf jaar het baie veranderinge in die Kouga-opvangsgebied plaasgevind. In 2012 is besluit dat sodanige veranderinge aan die gebruik en bestuur van grond en water gemaak moet word dat 'n volhoubare toekoms vir die nageslag verseker sal word.**

Belanghebbendes by die gebied het saamgewerk om baie van die doelwitte wat hulle vyf jaar gelede gestel het, te bereik. Hulle het bewys dat dit moontlik is vir die natuur en natuurlewe en die landbou om langs mekaar te bestaan.

Een van die grootste en belangrikste veranderinge in die gebied is dat daar bewustheid onder die mense wat in die Kouga woon, gekweek is vir die omgewing en dat 'n skoon en gesonde omgewing allerbelangrik is vir hul voortbestaan. Een van die mense wat aktief betrokke is by die opvoeding van jonger geslagte oor volhoubaarheid sê: "Dit begin met opvoeding. As ons nie die manier waarop mense dink verander nie, sal ons niks verander nie."

Vyf jaar gelede was indringerplante soos swartwattel wat regdeur die opvangsgebied verspei was, een van die grootste kopsere vir boere. Vandag werk hierdie boere saam met WvW (die Werk vir Waterprojek) om hierdie plante uit die gebied uit te roei. Die meeste van die plante is nou verwyder, maar dit is belangrik om hulle uit die gebied te hou. As ons terug kyk en sien hoeveel van die doelwitte bereik is, of byna reeds bereik is, is dit nie moeilik om trotse mense te vind wat bereid is om hul mening met ons te deel nie. 'n Plaaslike boer sê: "Ek het my water- en kunsmisverbruik verminder. Ek het ook begin om deklaagbewerking toe te pas en dit het 'n groot verbetering gebring." En hy is nie die enigste boer wat sy boerderymetodes verbeter en verander het nie.

Toe die projek in 2012 begin het, het meeste van die rolspelers in die gebied mekaar glad nie geken nie. Die fasiliteringswerk van Living Lands, het die kommunikasie tussen grondeienaars en ander belanghebbendes aansienlik verbeter.

Vandag vergader grondeienaars op 'n gereelde basis om die huidige situasie te bespreek. Hulle besef dat hulle saam baie sterker staan as wat hulle ooit alleen kon gedoen het. As gevolg van sulke sterker verbintenisse onder grondeienaars en ander rolspelers is dit makliker om hulp van die munisipaliteit te kry. Natuurlik is daar nog baie dinge wat verbeter kan word en daar sal waarskynlik altyd iets wees om te verbeter. Maar mense in die Kouga-opvangsgebied het getoon dat enigiets moontlik is as dit met 'n visie en gemeenskapsgees aangedurf word.